



Die Dutoit Karnaval herleef na 32 jaar!

Die geleentheid vir Dutoit Produksie Wes-Kaap (10 Landgoedere), het op 5 Mei op hul Landgoed, Vastrap plaasgevind.

Die dag het begin met 'n optog deur die Landgoedere met hulle baniere en is opgevolg met uitspeelkompetisies in rugby, sokker, netbal, domino's en toutrek. Daar was verskeie kultuuritems, 'n boordloop (prettraf) en Meneer en Mejuffrou Karnaval. Die bewaarskole het vir heerlike verversings ter verstewiging van hul fondse gesorg.

Die Karnaval belooft om 'n twee-jaarlikse hoogtepunt te wees waar Direksie, Bestuur en Werknemers (mans en vroue), oud en jonk, saam aan sport en kultuur kan deelneem en sommer net menswees vier. Dit skep ook die geleentheid om uitmuntendheid en inklusiwiteit aan te moedig met 'n fokus op spanbou en -GEES.

Hier is 'n paar uitblinkers:

Uitgawe 30

In hierdie uitgawe:	Bl
Dutoit Karnaval	1
Supercool Waardesprojek	2
Bewaarskool Gradeplegtigheid	4

Afdelingsnuus:

Paardekloof	4
Sneeuwkop	5
Swartdam	5
Dutoit Vrugte	6
Oos-Kaap Gesondheidswerkers	6
Nuweplaas	6
Dutoit Bemarking	7

Algemeen:

Produksie Reënval	7
Landelike Droogte vs	9
Geestelike Droogte	
Outlook Werkswinkel	9
Aanstelling en Aftrede	10

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varspprodukte in Suid-Afrika

KERNWAARDES

Betroubaarheid
Lojaliteit
Oordelikeheid
Menswaardigheid



(1) Karnaval Geesbeker: Skaapkraal (2) Me Karnaval: Siphokazi Mwana - Skaapkraal / 1ste Prinses: Denise Goliath - Tandfontein / 2de Prinses: Syntesia Ambraal - Nooitgedacht (3) Mnr Karnaval: Justin Titus - Lindeshof / 1ste Prins: Wilton Moses - Paardekloof / 2de Prins: Merwin Jiemies - Paardekloof



(4) Koor: Masakhani - Vastrap (5) Dans: Leeuduifles Rieldans - Tandfontein (6) Netbal: Lindeshof



(7) Rugby: Paardekloof (8) Sokker: Vastrap (9) Domino's: Paardekloof



(10) Toutrek: Lindeshof (11) Beste Koeldrankstalletjie: Sneeuwkop (12) Beste Kosstalletjie: Tandfontein

Dutoit glo in die waarde van ontwikkeling en bemagtiging van elke werknemer tot sy of haar volle potensiaal. Welgedaan aan elke deelnemer en koördineerder wat van die dag 'n sukses gemaak het. Ons sien uit na 'n nuwe era van hoogtepunte.

Dankie aan ons borge: Raimondi's, Boland Promotions, Basson Sport, Afgri, Tienie Halgryn, Brito's, Coca Cola, Verso Financial Services.

Dutoit Agri beplan om die Karnaval uit te brei na ander afdelings.

SUPERCool WAARDESPROJEK



Die oorhoofse tema van die Supercool Waardesprojek vir 2018 is: Diensbaar! Hiermee wil ons graag elke Dutoit-afdeling en -gemeenskap uitnooi om die tema deel van hulle leefstyl te maak.

Franciscus van Assisi het op 'n dag die volgende baie bekende gebed gebied:

Here maak my 'n instrument van u vrede

Waar daar haat is, laat my liefde saai

Waar daar twyfel is, geloof

Waar moedeloosheid is, hoop

Waar donkerte is, lig

Waar droefheid is, vreugde

O Goddelike meester gee dat ek eerder sal troos as om troos te soek

**Eerder sal verstaan, as begrip te soek
 Eerder sal liefhê as om liefde te soek
 Want deur te gee, ontvang ons
 Deur te vergewe word ons vergewe
 En deur te sterwe word ons gebore tot die ewige lewe!**

Dit is eintlik 'n gebed vir diensbaarheid. Ons leef in 'n wêreld waar haat, ongeloof, wanhoop, moedeloosheid, donkerte, droefheid in soveel mense se lewens teenwoordig is. Daar is baie hartseer en liefdeloosheid in hierdie wêreld. Die diensbare persoon is iemand wat hierdie dinge kan raaksien en dan op sy of haar manier 'n verskil maak.

Ons kan diensbaar wees met ons hande, deur praktiese take uit te voer vir mense wat dit nie meer self kan doen nie. Ons kan diensbaar wees met ons harte, deur by mense te gaan sit en na hulle nood en behoeftes te luister. Ons kan diensbaar wees met ons kennis (kop), deur iemand te gaan help met 'n taak waarmee hy sukkel. Elkeen van ons kan dit op ons eie unieke manier doen en niemand van ons het regtig 'n verskoning om nie diensbaar te wees nie.

Hier is 'n paar diensbaarheid-waarhede:

- Diensbaarheid is terapie. Wanneer jy deur 'n hartseer tyd in jou lewe gaan, sal diensbaarheid help om die wonde te genees, omdat jy dan die fokus van jouself afhaal en op ander mense se nood fokus.
- Diensbaarheid lei tot self-aktualisering. Die Woord sê dit is saliger om te gee as om te ontvang. Ons weet almal dat ons dikwels eers ons roeping en doel ontdek en as mense groei deur ons diensbaarheid.
- Diensbaarheid is 'n opdrag. Jesus se hele lewe was gewy aan diensbaarheid en Hy het dit aan ons kom demonstreer. As sy dissipels, moet ons hierdie voorbeeld volg.

Iemand armer as ek (Uit: Stories vir die lewe, 'n Boek oor lewenswaardes)

Hy was verslons, geklee in jeans wat op die knieë geskeur en onder om die pype uitgerafel was – maar nie op die modieuse manier van ryk tieners nie. Dit was regtig 'n verslete broek. So ook die tekkies en die deurgeskifte hemp.

Hy het altyd 'n paar verlepte groentetjies kom verkoop wat hy wie-weet-waar teen 'n paar sente te koop gekry het. Ons het maar net gekoop om ons gewetes te stil omdat ons nie méér doen om te help nie. Baie dae het hy op die sypaadjie voor in die straat gesit en op sy mondfluitjie gospel-liedjies gespeel, met so 'n salige uitdrukking op sy gesig dat 'n mens kon glo hy bedoel elke noot.

Ons het hom jammer gekry en 'n vinnige insamelinkie onder familie en vriende gedoen. Die volgende aand het ons 'n swart sak vol skoene en ou klere gereed gehad toe hy weer met sy flenterbroek en slap groentetjies kom aanklop.

Ons het vreugde verwag, maar nie die sinnetjie wat daarmee saamgegaan het nie. "Jislaaik, maar ek is verskriklik bly. Daar woon soveel mense in die plakkerskamp rondom my wat dit bitter nodig het."

Lindeshof



Lindeshof het 'n ywerige spannetjie en het gedurende Maart moeite gedoen met die Wêreld TB-dag. Hulle het bestaande plakkate gebruik en sommer oral op lappale opgeplak, en het met ongeveer 300 mense gepraat oor die simptome, tekens, oorsake en behandeling van TB. Hulle het ook die bewaarskool betrek en die kindertjies betrek by bewusmaking. Daar is ook 'n paar sputums gedoen vir toetsing.

Gedurende April was Lindeshof se groter projek "Healthy Granny's", waartydens bejaardes op die plaas genooi is vir 'n oggendsamesyn. Daar was 20 persone teenwoordig. Verskeie gassprekers is genooi, waaronder persone van Kuilsrivier: Sonja Lewis - Tandarts, Laurika Lewis - Fisioterapeut, Dollie Kleynhans van die Bejaardesentrum Malmesbury en Kuilsrivier en Tim Kleynhans - Dokter. Almal het oor hulle toepaslike gesondheidsaspekte, bv mondgesondheid, oefeninge, ensovoorts gepraat. Die Jeug het 'n sangitem gelewer en geskenkies is vir die bejaardes uitgedeel.

Dutoit moedig elke Landgoed aan om hul Supercool Waardesprojek foto's aan Mariette te stuur.

BEWAARSKOOL GRADEPLEGTIGHEID

Die Koue Bokkeveld Vroeë Kinderontwikkelingsforum het Donderdagaand 17 Mei, 'n gradeplegtigheidsfunksie aangebied. Hierdie funksie word twee-jaarliks gedoen, waartydens daar erkenning gegee word vir die Forum se Bewaarskool- en Nasorgjuffrouens.

Daar is 39 lede wat aan die Koue Bokkeveld Vroeë Kinderontwikkelingsforum behoort. Van hierdie 39 is daar 38 bewaarskole en 30 nasorgsentrums, almal geleë op plase in die Koue- en Warm Bokkeveldarea sowel as 1 lid in die Wolseleyarea. Hulle bedien 799 kinders in bewaarskole en 811 kinders in nasorgsentrums. Dit is 'n totaal van 1 610 plaaskinders, beide Afrikaans en Xhosa-sprekend.



Tydens hierdie geleentheid het twee van Dutoit se Bewaarskole deel gevorm van die top Tien wat deur Leer en Leef beoordeel is. Baie geluk aan (1) Babbel en Krabbel Bewaarskool – Kromfontein en (2) Mina Moo Bewaarskool - Lindeshof.

AFDELINGNUUS

Paardekloof



Op 25 Maart het Paardekloof se stapklub weer deelgeneem aan die jaarlikse 10km Spar Women's wedloop te Bellville; asook in die Safari 10km-wedloop in Wellington. Die wedlope is elke keer 'n belewenis om mee te maak en te sien hoe mense van oor die 90 jaar oud nog deel neem in die 21km-resies. Die uitstappies doen vir ons as gemeenskap en stapklub baie goed, want ons kan vir die hele dag wegbreek uit ons gewone roetine en fikser en baie meer ontspanne terugkom plaas toe.

Dit is verseker 'n hoogtepunt op ons kalender elke jaar en iets waarna ons baie uitsien. Ons wil baie dankie sê aan Mnr. Cronje wat ons elke jaar ten volle ondersteun en help met al die inskrywings en vervoerreëlings. Dit word hoogs waardeer.

Sneeuwkop



(1) Tydens Sneeuwkop se Oes-af funksie het almal wat die jaarlikse opleidingssessies bygewoon het, hul sertifikate ontvang. Foto voor van links: Donovan Murphy, Nombulelo Mgoqi, Willem van der Merwe, Maureen van der Merwe, Florence Hlomela, Petrus Mcingana. Agter van links: Koos Rooi, Jan Plaatjies, Wayiti Tshoeute, Freedom Maqolo, Hans Saroon en Sipiwo July.

(2) Gedurende hierdie funksie is die drie beste oestyd presteerders ook vereer. Beste stukwerk was Puseletso Tholamo, sy het 'n totaal van 6 900 meter uie opgetrek, 2 377 kassies uie geknip en 2 827 kassies aartappels opgetel. Tweede plek het gegaan aan Jerome Khopocha en derde was Lehlohonolo Ramaema. Al drie hierdie werkers was nooit tydens oestyd afwesig nie en Sneeuwkop is voorwaar trots op hul harde werk. Foto van links: Lehlohonolo Ramaema, Puseletso Tholamo en Jerome Khopocha. **Baie geluk met julle uitstekende werk, julle deurlopende toegewydheid word raakgesien en waardeer.**

Swartdam



Leadership of Hope

Swartdam het gedurende Maart hul eerste "Leadership of Hope" opleidingsdag, in samewerking met Archie van Biljon, aangebied. Die doel van die opleiding is om vir almal hoop te gee. Die hoop lê daarin, dat daar tog dele in ons elkeen se lewe is, waaroor ons beheer het en ons kan besluit watter storie ons skryf. Ons kan byvoorbeeld kies of ons koponderstebo wil lewe en of ons ons koppe gaan ophang.

Die kerngedagte: Ons kan vanuit ons huidige posisie na 'n beter posisie vorder deur gefokus te wees. Ons moet die regte mense kry as ondersteuningsraamwerk en ons moet die treetjies een-vir-een identifiseer en aflê.

Dutoit Vrugte



Morné Kritzinger het op 12 Mei 2018 sy Millwright ambagstoets by False Bay College geslaag wat deur AgriSeta befonds was. Morné sê die toetse was nogal taai en dit was 'n spannende affêre. Die Millwright program bestaan uit 'n kombinasie van twee ambagte: Elektries sowel as meganies. Die toetse het oor 4 dae geduur, vanaf 9 – 12 Mei, met die uitvoering van allerlei praktiese presisietake sowel as 'n mondelinge verantwoording.

“My 10 jaar ondervinding by DTV het handig te pas gekom. Baie dankie Dutoit Agri vir die geleentheid om te groei.”

Morné Kritzinger

Baie geluk Morné met jou fantastiese prestasie!

Oos-Kaap Gesondheidswerkers



Dutoit Agri se gesondheidswerkers in die Oos-Kaap het op 31 Maart hulle gesondheidswerkeropleiding voltooi. Die leerlingskap is in samewerking met Health and Welfare Seta, AgriSeta, Philani Training en die Langkloof Opleidingsentrum aangebied.

Julien en tannie Marlene het die gesondheidskomponent van die leerlingskap aangebied, waarna Sal Viljoen die wiskunde en Elbie van der Merwe die kommunikasie aangebied het.

Baie geluk aan die volgende gesondheidswerkers wat hul sertifikate ontvang het:

Hessie Miggels (Klipdrif), Sharon Herwels (Milau), Anneline Hendricks (Helderwater), Maria Fernol (JGS), Johanna Timan (Die Nek), Hendrina August (Dampplaas), Pricilda Sysaar (Nuweplaas), Anneline Christiaans (Koukamma Fruit Packers) Beulah Abrahams (Misgund Pakstoor).

Hierdie persone werk in verskillende afdelings en verrig verskeie take soos bv. om die klinieksusters by te staan met administratiewe take, noodhulp. Hulle help ook in die bewaarskole en nasorgsentrums.

George Bokkies

Nuweplaas




Die eerste vrugteboorde op Nuweplaas is ongeveer in 1920 deur die oorspronklike eienaar “Van Ravesteyn” aangeplant. Na die uitsterwe van hierdie familie is Dutoit Agri die vierde eienaar. Bekende appels in daardie tyd was Winter Pearmains, Henimeuri, Rome Beaut, Commers en Nica Jack. Latere jare is van hierdie bome oorgeënt na Starking en Golden Delicious en ook Granny Smith.

Foto's: Die Van Ravesteyn familie berei die grond voor vir die eeste vrugteaanplantings.

Hierdie aanplantings was 1950 gelys as saailing onderstamme. Aangesien sommige van die bome byna 70 jaar oud is en die produksie drasties afgeneem het, is die volgende bome aangeplant: 2002: 11ha pere, 2010: 9.5ha Rosy Glo, 2012: 1.5ha Kanzi.

In 2017, is ongeveer 20ha boorde geïdentifiseer om onder nete oor te plant. Die kultivars wat oorweeg word is, Gala, Kanzi, Fuji, Envy en Cripps Red. Die projek gaan moontlik in 2020 begin. Daar word ook vanjaar daarna gekyk om moontlik 1ha Kiwi te vestig, maar vir eers bly ons geloof sterk dat die reën betyds 'n deurbraak sal maak om die huidige droogte te breek, sodat ons met nuwe projekte kan begin. Ons hoop om binne 'n paar jaar in volle produksie te wees en ook kers vas te hou met van die topplase in die Dutoit Groep.

Dutoit Bemarking




Die "Beehive", by Dutoit Vrugte, het 'n nuwe baadjie aangetrek. Na verskeie ontwikkelings en personeelskuiwe is die gedeelte van die kantoor omskep in die nuwe Dutoit Bemarkingskantoor. Die idee was om die kantore te ontwikkel in 'n gemaklike werkomgewing waar die Dutoit handelsmerk en identiteit duidelik sigbaar is. Dutoit hoop dat die ontwikkeling 'n goeie impak op die produktiewe werksaamheid van verskeie personelede sal hê.


PRODUKSIE REENVAL

Witzenbergvallei en Koue Bokkeveld: Die afgelope 3 jaar het die Weskaap gebuk gegaan onder die droogtetoestande, met van die laagste reënvalsyfers wat vir die laaste 30 jaar aangeteken is. Alhoewel 'n relatiewe goeie reënvalsyfer aangeteken was gedurende 2016, was dit egter te min om die impak van 2015 en 2017 se laereënval te verlig nie. As ons na die huidige syfers vir 2018 kyk en ons neem in ag dat ons nou in die middel van Junie is, glo en vertrou ons dat dit 'n bogemiddelde reënseisoen gaan wees.

Herbert Honiball



Lindeshof Reënval Syfers (Koue Bokkeveld)




Waboom en Tweeriviere: Volgens die grafiese voorstellings kry Waboom die hoogste reënval en Tweeriviere die minste. Die ander plase in die Langkloof se gemiddelde reënval val tussen hierdie twee plase.

In September 2017 was daar 'n wolkbreuk op Waboom wat veroorsaak het dat 2017 na aan die gemiddeld is. Die afgelope 2 jaar het ons egter droër jare ervaar as September se reënval uitgelaat word. 2018 se eerste 6 maande is onder die gemiddeld vir die area.


Tweeriviere ondervind die afgelope 2 jaar ondergemiddelde reënval en is 2018 se eerste 6 maande ook onder die gemiddeld.

Johan Kotze

Waboom Reënval Syfers (Langkloof)



Tweeriviere Reënval Syfers (Langkloof)



LANDELIKE DROOGTE VS GEESTELIKE DROOGTE

Hoekom ervaar ons droogte?

Wat is die oorsaak?

Wie se skuld is dit?

Hierdie is alles vroeë wat in ons gedagtes omgaan as ons hindernisse in ons lewens ervaar. Daar is baie filosofieë oor die huidige droogte, klimaatveranderinge of "Global warming" ens.

Is dit nie geestelike droogte wat ons ervaar dat ons getug word deur die Here se magtige en kragtige hand om ons weer opnuut te laat beseef dat ons onself moet verootmoedig teenoor die Here en dat ons tot inkeer moet kom nie.

Die volgende teksgedeeltes is uit Nina Smit se dagstukkiesboek. Mag dit jou weer opnuut laat beseef hoe magtig en kragtig God is en mag jy vandag die antwoorde kry op al jou retoriese vroeë, hetsy dit landelik- of geestelik, droogte is.

Die Sonvloed: Genesis 8:18-22 ; 9:8-16

Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie. Solank as die aarde bestaan sal saaiyd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie.

Jy moet die Here jou God lief hê: Deuteronomium 6:1-9, 11-13

As julle al sy voorskrifte en bevele gehoorsaam, sal julle 'n lang lewe geniet. Gehoorsaam die gebooe met sorg. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met al jou krag. Wanneer jy jou in die land versadig geëet het, wees versigtig om nie die Here te vergeet nie. Dit is Hy wat jou van die slawerny in Egipte gered het, Jy moet die Here jou God vrees en Hom dien.

God sorg vir sy kinders: Deuteronomium 8:1-3, 6-11, 18

Maar pasop dat jy in jou oorvloed nie die Here jou God vergeet en nie gehoorsaam is aan sy gebooe, bepalings en voorskrifte nie. Onthou altyd dat dit die Here jou God is wat vir jou die krag gee om ryk te word. Hy doen dit om die verbond wat Hy met jou voorouers gesluit het na te kom.

Gehoorsaam sy gebooe: Deuteronomium 11:12-21, 26-28

As julle al die gebooe wat ek vandag vir julle gee, noukeurig gehoorsaam, en as julle die Here julle God met hart en siel liefhet en Hom dien sal ek vir julle reën gee op die regte tyd sodat julle koring, druwe vir wyn en olywe vir olie kan oes. In die veld sal Ek weiding voorsien vir julle diere sodat julle oorgenoeg kan hê om te eet. Wees versigtig om nie verlei te word en weg te draai van die Here om ander gode te aanbid nie. As julle dit doen, sal die woede van Here teen jou ontvlam. Hy sal die Hemel toesluit sodat dit nie reën nie en jou oeste misluk.

Seën en straf: Deuteronomium 28:1-6, 9-14

Die Here sal 'n oorvloed van goeie dinge vir jou gee in die land wat Hy aan jou voorouers belowe het: baie kinders, talle diere en goeie oeste. Die Here sal uit sy ryk voorraadskuur, die hemel, dit op die regte tyd laat reën om al die werk wat jy doen te seën.

OUTLOOK WERKSWINKEL




Op 12 April het Gerrit Cloete van Productivity Pit Stop 'n Outlook werkswinkel vir die Dutoit Bestuurslede aangebied met die fokus om produktiewe werksaamheid te bevorder. Die kursus het die Bestuur geleer hoe om Outlook as voertuig te gebruik om (i) take beter te beplan (ii) dagboeke meer effektief met behulp van die kalender te bestuur en (iii) te verseker dat dringende sake prioriteit geniet.

Die eindresultaat sal meer ordelike in elke afdeling bring, maar dan is dit noodsaaklik dat die spanne in geheel die elementêre gedeelte van die kursus deurloop.

AANSTELLINGS & AFTREDES



Aanstellings - Merieta Huddlestone: Krediteure Klerk - Dutoit Bemarking. **Dalene Prins:** Administratiewe Beampte - Excelsior. **Isabel McMullin:** Winkelbestuurder - Nooitgedacht. **Gerrit Slingers:** Pakmateriaal-Assistent - Dutoit Groente.



Rudolph Cronje: Steenvrugadviseur - Dutoit Tegnies. **Hanneri du Plessis:** Rekeningeklerk - Dutoit Groente. **Sr Melani Oberholster:** Verpleegkundige - Oos-Kaap. **Pieter van Zyl:** Intern CIMA Student - SeasonFresh. **Wian Janse van Vuuren:** Versendingsbestuurder - SeasonFresh.



Aftrede: Susan van Rhyn

Dertig jaar gelede het my reis by Dutoit begin. Die eerste twee weke was tydelik as Ontvangsdame by Dutoit Vrugte. Twee weke het drie maande geword, waarna ek 'n permanente aanstelling gekry het as Algemene Kantoorassistent. Dit was net 'n halfdagpos, maar na 'n paar maande het ek ook in die middag by Dutoit Groente uitgehelp.

In hierdie tyd was oom Pieter van Schalkwyk die rekenmeester by Dutoit Groente. Hy het eendag iets gesê wat ek in die jare daarna baie gebruik het om myself en ook ander te troos: *'n Fout is eers 'n fout wanneer dit nie reggemaak kan word nie!*

Na 'n geruime tyd het die Debiteureklerk by Dutoit Vrugte bedank en het ek die geleentheid aangegryp om vir die pos aansoek te doen. Ek het daarna die pos gekry en al die debiteurerekening gedoen wat op daardie stadium bestaan het wat die munisipale markte en 'n handjievol direkte kliënte insluit. So met die verloop van tyd het die Dutoit besigheid gegroei en rekeninge soos Pick & Pay en Woolworths asook uitvoere het bygekom. Aanvanklik was die uitvoere deur Capespan bestuur, maar later toe die wette verander het en Dutoit direk in die buiteland kon bemark, het Dutoit se kliëntebasis baie gegroei. As gevolg van die ontwikkeling was nog verskeie personeel aangestel om die markte, uitvoere en direkte kliënte te hanteer. Ek het aangeby by die uitvoere wat met Capespan begin het, waarna die debiteure na 50 regoor die wêreld gegroei het.

Ek het my werk oor die jare baie geniet en het saam met wonderlike mense gewerk. Op 31 Maart 2018 het my reis by Dutoit geëindig. Nou wag nuwe avonture en uitdagings op ons. Dit was 'n groot voorreg om vir Dutoit te werk. Baie dankie aan die Direksie vir die geleentheid om deel te kon wees van die span. Aan almal (Direksie en Personeel) wil ek 'n baie voorspoedige toekoms toewens.

Susan van Rhyn

Redaktrise: Runei Kotze. Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com Telefoonnommer 023 312 1071.

Korrespondente in afdelings: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Margot Rossouw. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Swartdam: Karin Malan. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Karin November. SeasonFresh: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds. **Redaksionele beleid:** Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.

Bly altyd op hoogte van die nuutste Dutoit Agri nuus: www.dutoitagri.co.za / FB: @DutoitAgri / Instagram: @Dutoit_Agri 10